DIE MEULENAAR

Amptelike Nuusbrief
van die
BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE
Posbus 340, Fontainebleau, 2032
Tel: (011)793-7271 Sel: 082 921 0344
Web bl: www.users.lantic.net/jverm

Jaargang 4: 2004/2 Julie 2003

A. GIEL VERMEULEN

Die volgende artikel het verskyn in Die Huisgenoot van 1952-04-11.

"As 'n leeu 'n man agter 'n bos inwag en hom dan onverhoeds oorval, is die man se kanse een uit duisend dat hy met sy lewe daarvan afkom. As hy die leeu dan nog in die sprong met die kaal hande beetpak en met hom begin stoei, is sy kanse een uit tienduisend. Oom Giel Vermeulen van Gaberones in die Protektoraat Betsjoeanaland, is 'n man wat een kans uit honderdduisend gehad het toe 'n leeu hom in die Kalahari bespring het, maar met sy buitengewone krag en onverskrokkenheid as enigste wapens, het hy tog die wenval aangeteken.

Op 'n dag in die omstreke van 1930, was hy in die Kalahari onderweg met 'n groot trop beeste. By 'n waterpan het hy kamp opgeslaan en sy enigste ryperd die aand teenaan die kamp laat wei. Daardie nag het twee leeus gekom en die perd opgevreet. Oom Giel was erg ontsteld oor die verlies van sy getroue en enigste ryperd en het wraak gesweer toe hy die ontdekking die volgende oggend doen. Hy het dadelik sy geweer gevat, begin spoor sny en na 'n paar uur op die twee leeus afgekom.

Die wyfie het hy op die plek doodgeskiet, maar die mannetjie het hy skrams getref en net lig gekwes. Die leeu het die bosse ingevlug en oom Giel het hom agtervolg.

Toe oom Giel hom kry, spring die leeu op hom met so 'n geweld dat die geweer uit sy hand val. Oom Giel kon nog half wegswenk, maar die maanhaar kry hom

aan die arm beet, kap hom met die een poot agter die kop en met die ander poot na sy gesig. Oom Giel was egter te rats, weer die kaphou na sy gesig af en kry die leeu aan daardie selfde poot beet. Toe volg daar 'n worsteling soos min – die leeu hou met sy bek waar hy het aan oom Giel se arm en oom Giel hou waar hy het aan die poot.

Staan-staan is die bloedige en ongelyke stoeigeveg voortgesit. Die pyn skiet soos weerligstrale deur die man se arm, maar die besef dat die dood naby is, spoor hom aan tot groter kraginspanning. Met een geweldige ruk aan die leeu se poot vang hy die dier effens onkant en die volgende oomblik skop hy die leeu met al die bietjie krag wat hy nog oor het, vol in die maag. Hy verspeel nie 'n sekonde nie en los die een skop na die ander. Die vierde tref die leeu nog harder as die vorige drie in die maag en die volgende oomblik val die leeu, sonder om egter sy houvas op oom Giel se arm te los, met die gevolg dat man en leeu saam neerslaan.

Nou word die geveg op die grond voortgesit, met die man bo-op die leeu, maar oom Giel besef dat hy die leeu op daardie manier nooit sal kan klaar kry nie. Met die regterhand probeer hy om na die geweer te reik. Die geweer lê egter te ver en oom Giel gee effens skiet om dit te kan bykom. Op daardie oomblik vlie die leeu onder hom uit, spring bo-op sy rug en byt hom agter die nek. Die tande het die nekbene net gemis.

Oorstelp van die pyn in sy nek, draai die boer hom half om, haak af en skop die dier weer in die maag. Die leeu los. Soos 'n blits gryp oom Giel sy geweer en draai hom om en die oomblik toe die leeu weer spring, trek hy die sneller – die leeu het reg in die loop van die geweer gespring, met die gevolg dat dit 'n doodskoot was. Die dier het met 'n plof op die grond voor sy voete dood neergeslaan.

Met die wonde wat vreeslik bloei en pyn wat deur murg en been skiet, het oom Giel stadig begin aanstap kamp toe. Sukkel-sukkel het hy dit bereik en daar het hy maar aangehou om die wonde met potas te behandel. Die bloed kon hy egter nie heeltemal keer nie en geleidelik het hy al swakker geword weens die bloedverlies.

Sy naaste hulp sou 'n paar blankes 42 myl daarvandaan wees, maar toe beskik hy oor geen ryding meer nie en die enigste uitweg was om 'n jong te voet te stuur om die twee blankes, Jan Manewyk en Nicolaas Goosen te laat roep. Voordat hulle vertrek, het die twee blankes egter eers 'n wa en osse in die pad gesit na oom Giel se kamp solank hulle met die perde daarheen gaan. Terselfdertyd het hulle 'n apteker op Ghanzis ook laat ontbied.

Die volgende aand om tienuur het die twee ruiters oom Giel bereik en hom op 'n karretjie vervoer totdat hulle by die wa gekom het. Eers die aand van die derde dag het die apteker oom Giel bereik en kon die wonde vir die eerste keer behoorlik behandel word.

Op Ghanzis het hy ses weke tussen lewe en dood gelê. Toe het 'n ekspedisie daar opgedaag en kon hy met hulle saamgaan tot in Suidwes. Op Gobabis het hy vier dae in die sendinghospitaal deurgebring en van daar is hy per trein oor Windhoek en De Aar na Mafeking, sodat daar op hom geopereer kon word. Na verskeie operasies aan sy arm kon hy dit weer effens gebruik , maar eers na vier maande het hy behoorlik herstel. Vandag nog kan hy die arm nie meer soos voorheen gebruik nie; dit is effens styf en kan in die elmboog nie heeltemal buig nie.

Oom Giel woon vandag op Gaberones en hy is een van die rykste blanke inwoners van die Protektoraat. Op Gaberones is daar 'n hotel, 'n winkel, 'n kafee, 'n slaghuis, 'n garage en 'n naturellehotel. Oom Giel is die man wat al daardie sake besit. Verder besit hy drie ander winkels, een op Lepépé een op Kópong en een op Malopolélé, asook 'n paar plase wat saam etlike duisende morg groot is. Toe hy die Protektoraat 31 jaar gelede die eerste keer binnegekom het, was hy 'n brandarm man wat uitgeboer het op 'n plaas by Niekerkshoop, naby Prieska.

Sy enigste besittings daardie jaar was sy vrou, vyf kinders en ses hoenders. Die oudste kind, Hans, was tien jaar, Stefaans agt jaar, Rosa ses jaar, Giel vier jaar en Maria twee jaar. By Pitsani, in die Protektoraat, het hy 'n huisie gekry om in te bly en toe het hy begin rondval om iets te verdien.

Daardie jare het beessmokkelaars hoogty gevier deur beeste uit die Protektoraat oor die grens na die Unie te smokkel. Beeste was goedkoper te kry in die Protektoraat as in die Unie. As 'n mens 'n paar honderd beeste veilig anderkant gekry het, kon jy 'n mooi klompie geld uitslaan. Oom Giel kan 'n mens baie vertel van die smokkelaars se streke, want hy ken daardie wêreld met sy mense. Die smokkelaars het nooit die draad geknip nie: daarvoor was hulle te oulik. Hulle het eenvoudig die grensdraad by 'n paar pale losgemaak, dit dan aan die onderste draad op die grond vasgemaak, die beeste oorgejaag en die draad dan ewe netjies herstel. Baie het nog verdere bedekkingsmaatreëls getref, byvoorbeeld om die beeste se spore met takke dood te vee. As die draad dan herstel en die spore doodgevee was, sou die polisie nooit op 'n smokkelaar se spoor kon kom nie.

Die smokkelaars het dikwels ook in samewerking met 'n Unieboer net anderkant die grens opgetree. Dan is die beeste haastig met 'n Unie-brand-

merk gebrand op die Unie-plaas; daardie dae was die wet nog so dat as 'n bees eers een maal 'n Unie-brandmerk dra, hy 'n Unie-bees is.

Toe oom Giel toe in die Protektoraat kom, het hy oral rondgeval om 'n inkomste te verdien, maar kon dit nou maar net nie regkry nie. Die enigste manier was om met beeste te spekuleer. Oom Giel het toe ook planne beraam om sy beeste in die Unie te gaan verkoop. Op 'n keer het hy hom egter lelik misgis met sy voorsorgmaatreëls. Die gevolg was dat hy drie maande lank as gas van die Unieregering op Mafikeng moes kuier. Toe hy op Pitsani was, het hy 'n blaasbalk en smidsgereedskap op skuld gekoop en toe is hulle na Maun.

Dit het hom en sy maat, Engelbrecht, twee maande gekos om daar te kom. By Ingowan, op pad na Ngami, het hulle nog ou wa-ysters en potskerwe van die Dorslandtrekkers aangetref. By Maun het hy hoefsmid by 'n kaptein geword. Die naturelle het hom met 'n bees of 'n bok betaal, maar sy prys was hoog en die inkomste gevolglik goed. Agtien maande daarna het hy 'n paar honderd beeste en taamlik kontant besit. Toe is hy terug na Pitsani. Nadat hy sy vee verkoop het, het hy weer 'n hele paar honderd pond besit.

Teen daardie tyd het die polisie strenger maatreëls getref. Oom Giel was nie geneë om weer beeste in die Unie te gaan verkoop nie. Sekere smokkelaars het te ver gegaan deur byvoorbeeld die polisie aan te rand; sulke metodes kon oom Giel nooit goedkeur nie. Van die smokkelaars het hom vertel hoe hulle die polisie dikwels uitoorlê het. As daar byvoorbeeld 'n polisiekordon langs die grens opgestel word, hou daardie smokkelaars hul beeste 'n tydlank in die Protektoraat en intussen hou die smokkelaar die polisie dop, in plaas dat die polisie die smokkelaar dophou. As die smokkelaar dan die polisiebewegings haarfyn ken en presies weet wanneer die polisie omruil, wag hy sy kans af en jaag sy beeste oor die grens, en teen die tyd dat die volgende konstabel daar verbystap, kan hy nie eens 'n beesspoor sien nie.

Oom Giel het hom daarna tot spekulasie in die Protektoraat beperk. Hiermee het sy seuns Hans en Stefaans hom altyd gehelp. Dié twee wat vandag albei al lankal getroud is en elkeen 'n eie winkel het, kan 'n mens ure lank vertel hoe hulle dikwels met blare onder die voete en 'n honger wat brand in die maag die beeste negehonderd myl ver te voet moes aanjaag.

Toe oom Giel weer sterk op die been was, het hy vir hom 'n plaas in die Protektoraat gekoop. Vir die plaas van 868 morg, tesame met 300 skape, 200 beeste, 'n paar perde, 'n wa, 'n karretjie en 'n ploeg het hy slegs £1,450 betaal. Daarna het hy begin winkels koop. Toe al sy skulde betaal was het hy begin om die ander sake-eienaars op Gaberones uit te koop. Vandag sal 'n mens hom die een dag by sy sake kry en die volgende op sy plaas.

Sowat twintig jaar gelede het die avontuurlus oom Giel op 'n dag beetgepak en het hy na Port Nolloth se wêreld vertrek om te gaan kyk hoe sake staan en of hy dan nie 'n winsgewende handel met diamante kon dryf nie. Op O'okiep en Port Nolloth het hy die wêreld so 'n bietjie deurgekyk, maar toe besluit dat hy nie van daardie soort speletjies hou nie.

Hy is toe terug tot op Upington en daar loop hy 'n jong raak wat hom vertel dat hy hom 'n paar klippies in die spergebied van Suidwes sal kan laat kry. Die twee is toe per trein tot naby die Suidwes-grens en van daar te voet in die rigting van Lüderitz. Nadat hulle 2½ dag geloop het, kom hulle op 'n plek waar die jong sê dat die baas daar op hom moet wag. 'n Paar uur later is die jong terug en sê toe dat hy 'n groot "parcel" gekry het, maar die mense sê dat hy £36 moet "deposit" voordat hulle met die "parcel" gaan kom.

Oom Giel het hom die geld gegee – en dit was die laaste sien daarvan! Daar staan oom Giel toe in die middel van die woestyn. Hy weet nie eens waar hy is nie en sy water het al 'n dag van tevore opgeraak. Die enigste uitweg was om aan te stap. Hy kies 'n noordwestelike rigting, maar ook nie lank daarna nie het hy sy rigting heeltemal verloor. 'n Ruk later kom hy op 'n ou pad af en hy kies maar weer koers. Die volgende dag kom hy by Kolmanskop uit, naby Lüderitz, waar 'n maatskappy besig was om te delf.

Die voorman het hom baie agterdogtig behandel, en toe die voorman probeer om hom te vertraag, ruik oom Giel dadelik lont. Solank die voorman wegbly, het hy sy watersak gou gevul en op vlug geslaan, weer die woestyn in. Hy het die hele nag gevlug. Die oggend om nege-uur gewaar hy treinrook teen die gesigseinder. Toe slaan hy daardie rigting in en bereik eindelik die spoorlyn tussen Keetmanshoop en Lüderitz. Elfuur die oggend bereik hy 'n huis langs die spoor. Die spoorwegwerker was nie tuis nie, maar sy vrou het oom Giel koffie en brood gegee en twee uur later het daar 'n trein van Lüderitz af gekom.

Die kondukteur het ook 'n bietjie agterdogtig gelyk, en toe die trein buite Keetmanshoop by die sein moes wag, het oom Giel uitgeglip en die dorp ingevlug. In die hotel het hy gaan was, 'n rukkie gerus en toe die trein na Windhoek gehaal.

Op Marienthal loer hy 'n slag by die venster uit en ruk soos hy skrik. Twee konstabels in uniform en een in burgerdrag loop op en af langs die perron en klim in die trein. Oom Giel het sy kompartement se deur haastig toegemaak en toe so stil soos 'n muis in die hoekie gaan sit totdat die trein vertrek. Net toe die trein uit die stasie was, spring hy deur die venster en hardloop terug. Gelukkig het die konstabels nie uitgekyk nie.

Oom Giel het ewe houtgerus op Marienthal gewag en is toe met die volgende trein weg Windhoek toe. Op Rehoboth loer hy egter weer 'n slag by die venster uit – daar staan dieselfde drie weer op die perron! Hulle het weer 'n slag langs die trein op en af geloop en toe in dieselfde rytuig as oom Giel geklim. Die oubaas was teen hierdie tyd egter al te moeg en uitgeput om weer op die vlug te slaan en besluit toe maar om te bly sit, kom wat wil, al vang hulle hom ook.

Nadat die trein vertrek het, waag hy dit egter om by die venster uit te kyk, maar kyk vas in die gesig van die konstabel in burgerdrag! Die man het oom Giel dadelik herken en sy kop teruggetrek. Kort daarna hoor oom Giel voetstappe wat die gang af kom. Toe trek sy keel eers toe vanweë benoudheid; en met kloppende hart het hy gesit en luister hoe die deur oopgeskuif word! Eers toe die man in die kompartement staan, herken oom Giel hom as sy eie oom ...

Dit blyk toe dat die oom se twee seuns albei in die polisiediens was. Die een was op Marienthal gestasioneer en die ander een op Rehoboth. Hul vader het van die Unie af eers by die een op Marienthal gaan kuier en toe het die ander een by hulle op Marienthal kom aansluit om saam te ry Swakopmund toe. Op Rehoboth het hulle egter eers afgeklim om by die seun se huis aan te gaan.

'n Rukkie later, toe al twee seuns ook by oom Giel en hul vader kom aansluit het, kan oom Giel dit nie meer hou, en sê toe: "Julle duiwels, julle het my al 'n slag van die trein laat afspring!" Nadat hulle sy storie aangehoor het, het hulle lekker gelag en hom verseker at hy nie hoef onrustig te wees nie – die polisie kon niks doen nie want daar was geen bewyse teen hom nie. Dit was egter die eerste en laaste keer in oom Giel se lewe dat hy geprobeer het om handel met diamante te dryf."

In hierdie artikel word daar verwys na Gileam Jan Gabriel Vermeulen. Gileam was een van nege kinders en 'n boorling van die Noord-Kaap. Hy is op 1890-07-25 gebore en oorlede op Lobatse en wel op 1955-06-02. Hy tree te Gobane, Gaborone in die huwelik met Elsie Sophia Jacobs. Sy is oorlede te Lobatse op 1957-09-23. Die egpaar het vyf kinders gehad.

Gileam was die oupa-grootjie van Johannes Gerhardus Vermeulen – Lid D72.

A2. GERT VERMEULEN

Die volgende artikel het onlangs verskyn in Die Carletonville Herald.

"Ure se speeltyd met karretjies van koffieblikke

Christine van der Westhuizen

Mnr. Gert Vermeulen van Carletonville word eersdaags 73, maar met karretjies "speel" hy nog steeds.

Al verskil is dat hy self die speelgoed maak – uit niks minder as koffieblikke nie!

Vermeulen vertel dat hy as kind homself ure vermaak het deur modelvliegtuigies te bou. Later het dit plek gemaak vir afstandbeheerde vliegtuigies. Dit het nie daar gestop nie en as skolier het hy aan verskeie kunswedstryde deelgeneem en keer op keer met die wenprys weggestap.

Sy huidige stokperdjie het begin toe een van sy versameling miniatuur-motortjies, 'n 1911 Renault, se sitplekke uitgeval en verloor het.

Vermeulen het die sitplekke vervang met een wat hy uit hout gekerf het, en net daar het die gogga gebyt.

"Ek het die karretjie so bekyk en gewonder of ek nie een kon maak nie," vertel hy. Hy het rondgekyk vir materiaal en sy oog het op 'n leë koffieblik geval.

Sy versameling staan nou op agt koffieblik-karretjies, waaronder 'n 1913 Cadillac, 'n Buick, 'n 1903 Olds Mobile, Ford Modelle A en T en Model T-vragmotor. Hy is tans besig met 'n Land Rover.

Almal is volgens skaal gemaak en so lewensgetrou moontlik afgewerk.

Buiten blik gebruik hy ook hout en kurk en rubber vir die handgemaakte wieletjies.

Vermeulen gebruik ook gereeld sy kunstalent om sy vrou, Marie, te verras met 'n skildery wat hy self gemaak het, of 'n houtkassie of besonderse prenterame."

In bogenoemde berig word daar verwys na Gert Cornelius Adriaan Vermeulen – Lid D61.

B. LIDMAATSKAPAANGELEENTHEDE

B1. LEDE

Sedert ons vorige nuusbrief is nege verdere aansoeke om lidmaatskap ontvang. Al dié aansoekers is as lede toegelaat. Ons wil u hartlik welkom heet as lede van die Bond. Die Meulenaar vertrou dat ons verbintenis tot wedersydse voordeel sal wees.

B1.1 AFSTAMMELINGE VAN JAN (WILLEMZOON)

	Naam	Adres	Tel
28.	Philippus Rudolph Vermeulen	Posbus 111, Moderrivier, 8700	(082) 789 6311
6.	Sarah Magdalena Cecilia Wiid	Posbus 212, Hopetown, 8750	(053) 203 0167

B1.2 AFSTAMMELINGE VAN DIRK (CORNELISZOON)

	Naam	Adres	Tel
2.	Dawid Johannes Vermeulen	Posbus 10497, George, 6530	(084) 353 3344
18.	Hermanus Christiaan Vermeulen	Posbus 3207, Witbeeck, 1729	(011) 762 6542
36.	Heiltje Johanna Gertruida Vermeulen	Posbus 3207, Witbeeck, 1729	(011) 762 6542
51.	Anne-Marie van der Westhuizen	Posbus 29466, Danhof, 9310	(082) 818 0381
62.	Jaco Vermeulen	Posbus 100, Strydmag, 0455	(013) 261 1789
65.	Johan Alwyn Vermeulen	Meerlust 25, Besselenstraat, Universitas, Bloemfontein, 9321	(051) 522 7136
70.	Martha Jacoba Vermeulen	Verkennerweg 28, Generaal de Wet, Bloemfontein, 9301	(051) 522 4457

B2. VRIENDE

'n Verdere aansoek om toelating as 'n vriend van die Bond is ontvang. Die aansoeker is aanvaar en word ook hartlik verwelkom.

B2.1 AFSTAMMELINGE VAN JAN (WILLEMZOON)

	Naam	Adres	Tel
6.	Christina Helena Bartholomina Smith	Posbus 117, Hopetown, 8750	(053) 204 0015

B3. ALGEMENE LEDEVERGADERING

Die derde Algemene Ledevergadering van die Bond is gehou op 2003-05-31 te Bloemfontein.

Tot datum, was dit die vergadering wat die beste deur lede en belangstellendes bygewoon is. 32 persone was teenwoordig waarvan 13 lede is en 1 'n vriend van die Bond. 'n Verdere 21 lede is verteenwoordig by wyse van volmagte. Daar was dus 34 stemgeregtigdes of 34% van ons lede! Voorwaar 'n prestasie! Die volgende besluite is geneem:

B3.1 DIE BESTUUR VIR 2003/4

Die vergadering is bygewoon deur al vier bestuurslede – ook 'n eerste in die Bond se bestaan.

Die dienende bestuur is weer genomineer. Geen nuwe lid is genomineer nie. Die bestuur vir 2003/4 is dan ook onveranderd verkies tot die volgende Algemene Ledevergadering in 2004. Die bestuur is:

B3.1.1 Izak Stefanus Vermeulen (Izak)
Rooibokweg 14, Robinhills, Randburg, 2194
Tel (011) 793 7271
Sel 082 921 0344

B3.1.2 Anna Susanna Fourie, gebore Vermeulen (Anna)
Moutonstraat 16, Carnarvon, 8925
Tel (053) 382 3425
Sel 084 759 6579

B3.1.3 Johannes Vermeulen (Johan)
Robbenweg 6, Melkbosstrand, 7441
Tel (021) 553 1885

B3.1.4 Johannes Petrus Vermeulen (Johan)
Hobsonstraat 1, La Hoff, Klerksdorp, 2571
Tel (018) 468 1473
Sel 083 627 0573

Johannes Petrus (Johan) – B3.1.4 is ook herkies as Voorsitter. Lede word aangemoedig om met enige van die bestuurslede of ons kantoor te skakel oor enige lede- of ander aangeleentheid.

B3.2 GESLAGSREGISTER

Tydens die Algemene Ledevergadering gehou in 2002 is daar aan bestuur opdrag gegee om die wenslikheid (gereedheid) te ondersoek om die register te publiseer.

Die Voorsitter rapporteer dat met die vorige opdatering van die register daar 'n verdere 49 bladsye tot die register gevoeg is. Dit verteenwoordig 'n vergroting van die register met 13%. Hy rapporteer verder dat daar sedertdien 'n verdere ± 40 bladsye wag om bygevoeg te word. Daar is ook nog vele afstammelinge wie se inligting ontbreek of onvolledig is. Vergadering besluit eenparig:

- Dat verdere pogings gedurende die volgende jaar aangewend moet word om die register so volledig en korrek moontlik te kry.
- Dat die bestaande inligting gekontroleer moet word vir korrektheid.
- Dat vraelyste aan Bondlede voorsien moet word ten einde:
  * Hul eie inligting te kontroleer en
  * Hul te versoek om die vraelys vir minstens een Vermeulen familielid of Vangenoot te gee vir voltooiing.
  * Dat daar tydens elke Algemene Ledevergadering oor die aangeleentheid besin moet word.

B3.3 LEDE

Vergadering bekragtig dat die volgende persone se lidmaatskap op 2003-02-28 beëindig is:

- Cloete Vermeulen, Pretoria – Lid J6.
- Trevor Griffiths Vermeulen, Knysna – Lid J35.
- Andries Michiel Gert Vermeulen, Heidelberg – Lid D2.
- Willem Liebrecht Fick Vermeulen, Paarl – Lid D18.
- Jacob Christiaan Vermeulen, Pretoria – Lid D36.
- Jean-Pierre Vermeulen, Stellenbosch – Lid D51.
- Maria Boshoff, Fochville – Lid D62.
- Ansie Smit, Meyerton – Lid D65.
- Maxmiliaan Vermeulen, Meyerton – Lid D70.

B3.4 ERE-LIDMAATSKAP

Vergadering besluit eenparig om ere-lidmaatskap aan die volgende persone (lede) toe te ken en wel vir hul navorsing oor die Vermeulens, die saamstel van die geslagsregister, die stigting van die Bond, die ontwerp en registrasie van die Bondwapen, diening op die bestuur en daarstelling van Die Meulenaar.

- Johanna Adriana Francina Vermeulen – Lid D11.
- Johannes Petrus Vermeulen – Lid J14.
- Izak Stefanus Vermeulen – Lid J12.

C. STREEKBYEENKOMS : BLOEMFONTEIN

Die byeenkoms te Bloemfontein was 'n groot sukses. Die volgende resultate is verkry:

- Dit is bygewoon deur 45 persone.
- 14 lede was teenwoordig.
- 7 nuwe lede het aangesluit.
- 1 nuwe vriend het aangesluit.
- 'n Surplus van R20,21 is behaal.

D. HET U GEWEET?

D1. RUAN VERMEULEN

Ruan – 'n afstammeling van Dirk (Corneliszoon) - is gebore op 1979-09-23 te Grootfontein, Namibië. Hy het daar gewoon tot hy 14 jaar oud was waarna sy ouers hul op Rustenburg gevestig het. Op skool was Ruan Suid-Afrika se voorste hekkiesatleet oor die 400m. Hy speel ook rugby vir die Luiperds se Cravenweekspan (vir twee jaar) en wel as flank.

Na skool moes hy egter kies tussen atletiek en rugby. Hy kies rugby omdat hy "moeg geword het vir alleen oefen en ook al hoe groter geword het." Hy begin studeer aan Tuks, Pretoria. Hy speel een jaar vir die Bloues se o/19 span en daarna twee jaar vir die o/21 span.
Die afgelope twee jaar is hy 'n gereelde lid van die Blou Bulle se Vodacombekerspan. Hy weeg 108 kg en is 1,91 m lank. Hy is ewe tuis op flank en agtsteman. Hy het reeds een Curriebeker-wedstryd vir die Blou Bulle agter die rug.

Is hy dalk S.A. se oplossing op die rugbyveld?

D2. DENISE VERMEULEN

Dat op Saterdag 2003-06-14 'n President 15 tal van Suid-Afrika kragte gemeet het met 'n Engelse Ontwikkelingspan. Die botsing het op die rugbyveld plaasgevind – die enigste interessantheid is dat dit vrouerugbyspanne is!

Denise Vermeulen van die Blou Bulle het S.A. verteenwoordig as nr. 6 flank. Sy speel toevallig dieselfde posisie as Ruan Vermeulen – sien D1.

Volgens ons wete, was die eindtelling 45-0 in die Engelse se guns.

E. LIEF EN LEED

E1. GEBOORTE

1. Charmain Booyens (gebore Vermeulen) – Lid J4 – getroud met Jan Nicolaas Petrus (Nico) Booyens, skenk op 2003-06-23 geboorte aan 'n dogter Carmen Booyens. Charmain is die dogter van Izak Vermeulen – Lid J12 – en suster van

Michelle Vermeulen – Lid J16 – en Tania Vermeulen – Lid J17.

Geen verdere bydrae is vanaf lede/vriende ontvang nie.

Ondersteun ons asseblief!

F. ADVERTENSIES

F1. COTTAGE COLLECTION



Kontak: **Koos, Thea en Liezel Vermeulen**
Tel. (011) 794-3672

F2.

DIE MEULENAAR
POSBUS 340, FONTAINEBLEAU, 2032
TEL: 011-793 7271

KOPIEë VAN VORIGE UITGAWES IS TE KOOP TEEN R10 PER KOPIE. PLAAS U BESTELLING BY BOGENOEMDE ADRES. BETALING MOET U BESTELLING VERGESEL.

F3. DIE BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE BIED DIE VOLGENDE AANDENKINGS TE KOOP AAN:

F3.1 DRANK (WYN)

Die etikette – op die bottels - vertoon die Bondnaam, Streekbyeenkoms Gansbaai en die datum 2000-12-16/17 (in kleur). Soortgelyke etikette vertoon die streekbyeenkomste te Carnarvon, Pretoria, Carletonville en Bloemfontein. Prys R25 per bottel.

U kan ook die etikette bestel en self op 'n bottel van u keuse aanbring. Etiket alleen : R10 elk.

F3.2 GLASE

Die glase vertoon die Bondnaam sowel as die Bondwapen. Dit is gegraveer op die glase.

- 500ml bierbeker R22 elk
- 400ml (bier)glas R17 elk
- Witwynglas R28 elk
- Rooiwynglas R30 elk
- Whiskyglas R17 elk
- Water/Whiskyglas R12 elk

Op die wynglase, whiskeyglase en waterglase verskyn slegs die woorde "Bond van die Vermeulen Familie".

Plaas u bestellings by:

- Izak Vermeulen Tel. (011) 793-7271. Sel 082 921 0344.
- Johan Vermeulen Tel. (021) 553-1885.
- Anna Fourie Tel. (053) 382-3425. Sel 084 759 6579.
- Johan Vermeulen Tel. (018) 468-1473. Sel 083 627 0573.

G. ALGEMEEN

Lede word asseblief versoek om:

(i) Familie aan te moedig om ook lede van die Bond te word (slegs lede sal geregtig wees om die beplande geslagsregister aan te koop en die Bondwapen te gebruik).

(ii) Klein advertensies oor dienste wat uself/u bedryf aanbied in te stuur vir publikasie. (Die diens is huidig gratis. Bestuur behou egter die reg om die volume per uitgawe te beperk en om die advertensies te wysig (verkort)).

(iii) Enige interessantheid aangaande die Vermeulen familie in te stuur vir publikasie. (Bestuur sal weereens eie oordeel oor publikasie/verkorting gebruik).

(iv) Ons webruimte te besoek vir verdere inligting oor die Bond.

(v) Voorstelle in te stuur oor onderwerpe ens. vir oorweging deur Bestuur.

(vi) Ons te voorsien van foto's (afdrukke), familiebybels en ander gedenkwaardighede vir bewaring in die beoogde Vermeulen museum.

(vii) Indien moontlik, die Jaarlikse Algemene Ledevergadering **en** Streek-byeenkomste by te woon.

(viii) As u bewus raak van 'n familiebyeenkoms (Vermeulens) wat beplan word, ons in kennis te stel.

(ix) Ons te voorsien van die volgende ten opsigte van elke Vermeulen wat u pad kruis:

- Volle name en geboortedatums van die Vermeulens, telefoonnommers en indien beskikbaar e-posadresse. (Dit mag net wees dat dit nog een van ons verlore skape is en dat ons hom/haar met sy familie in ons geslagsregister kan opneem).

(x) Die ingeslote skrywe te lees en ons behulpsaam te wees om die geslagsregister so volledig moontlik te kry.

HARTLIKE VERMEULEN GROETE